

*Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*  
*Missie: Geloof, Koinonia en Getuienis*

Jaargang 20

4de Kwartaal 2019

## ONS HEMELSE VADER SORG VIR ONS IN ALLE OMSTANDIGHEDE

Deut 11:12: *Dit is 'n land waarvoor die Here sorg: van nuwejaarsdag af tot oujaarsdag toe hou Hy ononderbroke sy oog daaroor.*

God se volk is oppad na die beloofde land. Dit is 'n volk wat soms ontevrede was met God se optrede teenoor hulle. Baie keer het hulle gedink God het hulle in die steek gelaat. En nou kom God met 'n boodskap. Hulle moet stil word en dink oor die pad waarlangs Hy hulle gelei het van Egipte die woestyn in. Hulle moet terug dink oor al die wonders wat God laat gebeur het. Hoe hy hulle uitgelei het uit die land van slawerny, die voorsiening van water en kos op hulle weg. Sy hand van beskerming het Hy oor hulle gehou in alle omstandighede. Hulle was die getuies van God se magtige daade. Want Hy sorg van nuwejaarsdag tot oujaarsdag en Hy hou ononderbroke sy oog oor hulle. Maar by hierdie versorging het die volk van die Here verby gekyk en daarom was daar nie altyd die dankbaarheid nie maar net die murmurering en daarom roep die Here hulle tot stilstand en selfondersoek. Kyk, Ek sorg vir julle



van nuwejaarsdag tot oujaarsdag en hou My oog gedurig oor julle.

Dit is ook 'n boodskap vir ons hier naby die einde van die jaar. Ons moet stil word en terug dink oor wat ons in hierdie jaar wat byna verby is belewe het. Vir baie was dit net voorspoed maar vir ander 'n jaar van hartseer, siektes en krisis wat die pad gekruis het - struikelblokke en bekommernisse - maar in al hierdie omstandighede het ons Hemelse Vader sy oog oor ons gehou en ons geen oomblik in die steek gelaat nie. Daarom, ten spyte van wat gebeur het kan ons uitroep - *Here U genade en u liefde was vir ons genoeg.* Kan ons uitroep soos 'n Dawid - *die Here is my herder ek kom niks kort nie.* Dit is Hy wat ons bygestaan het en toe ons geroep het - *Here ons kan nie*

*meer nie -, het Hy ons uitgenooi - kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. My juk is sag en my las is lig.*

Ons kan ook nie nalaat nie om hier byna aan die einde van die jaar vir ons self af te vra - *wat het ek vir Jesus gedoen?* Het ek die afgelope jaar genoeg tyd aan Jesus afgestaan? Hoe het my gebedslewe daar uit gesien? Hoe was my kerkbesoek? Hoe besig was ek met sy woord? Was ek in my optrede 'n ware voorbeeld vir Hom? Het ek sy wil gedoen? Hoe diensbaar was ek in sy diens? Het ek sy wil gesoek en opdragte uitgevoer? Sy belofte om vir ons te sorg het Hy nagekom - *Hy het ononderbroke sy oog oor ons gehou.* God wil nie net sy daade aan hierdie volk bekend maak nie maar ook sy beloftes vir die toekoms en die bestemming waarheen hulle oppad is. Hy het hierdie volk se toekoms in sy hand gehou.

Ons verlaat binnekort die jaar 2019 om 'n nuwe jaar 2020 te betree. Wat vir ons wag, is onbekend en daarom die vraag so dikwels - *wat gaan gebeur in die land wat gevul is met*

*chaos?* Baie vrees die toekoms wat op hulle wag en sien nie uit na die nuwe jaar nie. Dit is nie nodig nie want ons is verseker van God se belofte dat Hy vir ons sal sorg en sy oog dag vir dag oor ons sal hou. Ons moet God se hand in die verlede ken en uit sy hand leef en daaraan vashou in die nuwe jaar. Ons weet nie langs watter weg Hy ons gaan lei nie, maar ons sal nie alleen wees nie want Jesus het die Heilige Gees gestuur om by ons te wees. As ons nadink oor die voorsienigheid van God, kan ek nie anders as om Hom te vertrou vir sy beloftes nie. Laat ons nadink oor ons optrede waar ons gefaal het en laat ons in die nuwe jaar getrou wees in sy diens - laat Hy meer word en ek minder want sonder die Here kan ons niks doen nie. Daarom moet ons afskeid neem van die oujaar en met dankbaarheid en met geloof en vertrou die nuwejaar binnegaan. Hou vas aan God se belofte - *Hy sal vir ons sorg van nuwejaarsdag af tot oujaarsdag toe en Hy hou ononderbroke sy oog oor ons.*

*Ds Johnnie Grobler / Grafika: Maroela Media ex internet*

## **BARRY EN INA VAN WYK VERJAAR**



Baie geluk aan ds Barry en Ina van Wyk wat op 17 en 22 Oktober onderskeidelik verjaar het.

Gelukwense is op die betrokke dae oorgedra maar die Posduif wens julle albei namens die gemeente 'n baie mooi en 'n geseënde jaar vol goeie gesondheid en baie liefde toe en ons vertrou dat julle nog lank en gelukkig saam in Parys-Wes sal lewe. Die foto (*Hannetjie Havenga*) van die twee is al bietjie ouer maar hul lyk nog steeds net so (*sleutels en al*).

## **ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER**

Baie geluk vir die dag en seën vir die nuwe lewensjaar. "Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Helige Gees!" Rom 15:13

### **Oktober:**

**12 – Annè Opperman (81):** Dit gaan baie goed. Sy is nog gesond en op-en-wakker!

**13 – Chris Venter (81):** Chris ly al elf jaar aan Alzheimer en na 'n paar epilepsie-aanvalle het sy toestand baie agteruit gegaan. Sy vrou versorg hom met toewyding en blymoedigheid.

**14 – Krimpie du Preez (80):** Krimpie het onlangs na Sally Martin Park verhuis en moet nou baie verder kerk toe ry maar hy doen dit met plesier. Dit gaan baie goed met hom.

**18 – Charles Janse van Rensburg (81):** Dit gaan baie goed. Hy is geseënd en baie dankbaar.

### **November:**

**13 – Lieb Opperman (80):** Lieb het onlangs ernstige bronchitis gehad maar dit gaan nou weer goed en sy gesondheid is verder ook goed.

**19 - Hennie van Brakel (86):** Dankbaar dat dit goed gaan, geen ernstige klagtes nie.

**21 - Sally Coertze (87):** Haar bene is swak en sy moet met 'n karretjie loop. Verder gaan dit goed en het sy nie klagtes nie. Sy is baie dankbaar.

### **Desember:**

**12 - Joey Cronjé (82):** Kort en kragtig: dit gaan honderd present!

**12 – Dawie Smit (81):** Dit gaan baie goed en hy speel nog gereeld rolbal.

**13 – Willie Huyser (81):** Dit gaan baie goed, het geen klagtes nie.

**15 – Letitia Botha (83):** Dit gaan goed, maar haar sig is baie sleg. Kan nie meer lees of naaldwerk doen nie. Sy versoek die gemeente om aan te hou bid vir hulle seun, Gerhard Botha, wie se naam op die gebedslys is.

**15 – Hannes de Swardt (82):** Dit gaan baie goed! Dit gaan met hom "soos met 'n goeie gholfspeler, altyd onder baansyfer!"

## **FUNKSIE VIR ONS SENIOR BURGERS**

Sowat 70 seniors van ons gemeente het op 18 Oktober 'n heerlike dag op die walle van die Vaalrivier by Deo Volente deurgebring. 'n Paar gemeentedele wat nog nie oud genoeg is om die ete by te woon nie, het gesorg vir heerlike gebraaide wors, broodjies en slaaie.

Die tafels was soos gewoonlik keurig gedek en op elke tafel was

iets spesiaals waaroor iemand 'n paar woorde moes praat. Van 'n roosknop, 'n glas halfvol water, 'n glas halfvol grond, 'n droë takkie, en 'n tak met groen blaartjies het almal se nuuskierigheid geprikkel. En watter interessante gesprekke het daaruit voortgevloei! Hermien het met haar klawerbord gesorg vir pragtige musiek en almal het lekker saamgesing. Daar het verskeie versoeke vir

lekkersing liedjies gekom en Hermien en Willie het ook vir ons 'n paar duette gesing. Na ons bedien is met vrugteslaai en roomys het almal nog lekker saamgekuier tot ons moes huiswaarts keer. Baie dankie aan Wilma en haar span wat gesorg het vir die lekker slaai en wors. Ons sien alweer uit na volgende

jaar se byeenkoms.  
*Hannetjie Pieterse / Foto: Hannetjie*



### **KERS PIK-EN-PROE – 15 NOVEMBER 2019**

Gemeentelede en vriende het weer op Vrydagaand, 15 November 2019 met 'n bak kos ('n dis) in die hand opgeruk na die kerksaal vir Parys-Wes se Kers pik-en-proe. Die verskillende disse is uitepak en toe is daar met groot entoesiasme met teelepels van elke dis ingeskep. Ons het nou al daaraan gewoond geraak om met teelepels in te skep en te eet en dit was weereens 'n plesier om aan al die verskillende disse te "proe". Die saal is feestelik voorberei en die dames het heerlike geregte voorgesit. En die nagereg was weereens top gehalte en 'n gepaste afronding van 'n goeie ete! Een ding is seker, al eet jy met 'n teelepel niemand gaan honger huistoe na 'n pik-en-proe nie.



Dankie aan al die dames en manne vir die reëlings en die heerlike kos wat telkens voorgesit word.

### **KERSKOSPROJEK 2019**

Met die voorbereiding van hierdie uitgawe van die Posduif, het die insameling vir die 2019 Kerskosprojek pas begin en hef aan lê nog voor. Teen die einde van November sal ons weet wat beskikbaar is en dan begin die groot werk om die pakkies saam te stel en net voor Kersfees sal dit aan die die 20 gesinne by die NG Kerk





Schonkenville en die gesinne wat Diens van Barmhartigheid tans ondersteun, gegee word. By voorbaat dankie aan almal wat weer vanjaar bygedra het om die projek 'n sukses te maak.

### NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan die volgende lidmate wat die afgelope kwartaal by die gemeente aangesluit het. Ons vertrou julle is reeds tuis hier en dat julle verblyf hier geseënd sal wees.

Naam	Van	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Selfoonnr
Barries	Badenhorst	Samuelstraat 9	Potchefstroom-Wes	Gradwell	0719116008
Santré	De Klerk	Samuelstraat 9	Leeudoringstad	Gradwell	0836424981
Deon & Tinka	Haasbroek	Floydstraat 7	Molteno	Floyd	0618170886
Linda	Kruger	Kamelia 7	Parys-Oos	Kamelia	0826931331
Francien	Smuts	Juaniwoonstel 25	Durban-Oos	Gradwell	0832764443
Mike & Alna	Trollip	Delverstraat 10A	Pellisier	End	0828990920
Marie	Von Brandis	Juaniwoonstel 25	Bluff, Durban	Gradwell	0824755591
Isobel	Von Brandis	Juaniwoonstel 25	Bluff, Durban	Gradwell	0768796170

### DIENSGROEP DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ons het die jaar afgesluit met 'n besoek van die kinders van die Sasol-Jeugsorgsentrum. Die besoek was net om te kom dankie sê vir wat Parys Wes deur die jaar vir hulle gedoen en beteken het.

Dankie aan almal vir jul getroue ondersteuning en bydraes aan die Diensgroep Diens van Barmhartigheid gedurende die jaar - dit vergemaklik ons taak aansienlik!

Baie dankie aan elke lid wat deel is van DvB. Julle hulp, bydraes en liefde word waardeer. Geniet 'n welverdiende ruskans.

Seënwense aan almal in die Feesgety.

*Corina Grobbelaar – Foto: Corina*



## **PARYS-WES Sê DIT MET BLOMME**

Elke Lofsangaand by ons kerk, is vir ons 'n hoogtepunt. Om te dink dat ons hierdie pragtige fasiliteit tot ons beskikking het om net die klank op te stel, en te kom lofsing .... saam met so baie ander gemeentelede wat dieselfde behoefte as ons het. Daar was al soveel mooi projekte – soos die groot kollekte wat ingesamel is vir die Sutherland



droogtehulpfonds; die trollies vol blikkieskos vir arm mense in die Kerstyd; 'n berg komberse, geskenk uit liefde vir ons winter-warmte projek; en die oorweldigende reaksie op ons versoek dat ons gemeente moet neerskryf wat God, en ons gemeente, vir hulle beteken.

Ons kon dit alles met mekaar deel.

En die afgelope Sondag aand (6 Oktober) met ons blomme-van-dankbaarheid- sangdiens, weer dieselfde oorweldigende reaksie. Die kerk was so mooi: gevul met blomme, en met die Teenwoordigheid van die Heilige Gees... en met die hartlike samesang ..... selfs al wou die klank nie saamwerk nie.

Dankie Here, vir Parys-Wes gemeente. Ons huis-kerk, ons holte vir die voet.

*Musiekgroete, Francois en Elizabeth*

*Baie dankie aan Francois en Elizabeth vir hul bydrae in die gemeente en ook aan almal wat met die reëlings gehelp het.*

## **2019-MATRIKULANTE**

Wanneer hierdie Posduif teen die einde van November verskyn, het al ons matrikulante sekerlik al klaar eksamen geskryf en wag hul met 'n mindere of meerdere mate van spanning vir die uitslae. Ons vertrou dat die eksamens goed afgegaan het en ons wens elkeen van die matrikulante van Parys-Wes 'n rustige tyd toe in voorbereiding vir die volgende fase van jul lewens.

## **KONTAKBESONDERHEDE**

Kontak asseblief die kerkkantoor by 056 811 5316 of stuur 'n e-pos aan [ngparyswes@gmail.com](mailto:ngparyswes@gmail.com) indien enige van jou kontakbesonderhede verander het.

*Pasop dat jy in 'n oomblik van woede van jou minderes jou meerderes maak.  
Selfbeheer is die goue reël.*

*- RW Emerson*

## PARYS-WES SE VERJAARSDAGNAWEEK – 15 en 16 September 2018

### Stap vir Bybels

Tradisioneel word die verjaarsdagvieringe van die gemeente afgeskop met 'n stap vir Bybels op die Saterdagoggend. Op Saterdag, 15 September het Phillip, Dries en Gavin die vure al vroegdag aangesteek om die wors vir worsbroodjies te braai. Om 07:00 het Ds Barry die geleentheid ge-open en het die stappery begin. 'n Groep Voortrekkers het ook vanjaar by ons aangesluit en saam gestap.



Na afloop van die stap het elkeen 'n medalje van die Bybelgenootskap ontvang en daar is worsbroodjies en koeldrank ten bate van Bybelverspreiding verkoop. Daar was nie baie stappers gewees nie, maar dit was lekker om ook op hierdie manier met mede-gemeentelede te skakel.

Die gemeente het die geleentheid gehad om tot einde September bydraes vir Bybelverspreiding te maak. Met die stap vir Bybels en die kollekte wat tydens die Pinksterdienste vir Bybelverspreiding opgeneem is, kon die gemeente die mooi bedrag van R11 481 aan die Bybelgenootskap oorbetal. Dankie aan almal vir jul bydraes.

Op Sondag, 16 September is die feesvieringe voortgesit en afgesluit met die viering van die Nagmaal. Na nog 'n treffende preek deur ds Barry oor *Krag in eenheid*, met as teksvers *Hebreërs 10 : 25*, het die finalejaar kategese : belydenis van geloof afgelê en daarna vir die eerste keer as nuwe belydende lidmate saam met die gemeente Nagmaal gevier. Weereens baie geluk en welkom aan die volgende nuwe jong lidmate en hul ouers : Hannes

Grimbeek,  
Jané  
Hendriks,  
Morné  
Keyser, J P  
Mostert,  
Karla  
Potgieter  
en Danielle  
Venter.





## WEBWERF VIR DIE GEMEENTE

Die kerk se webwerf is aktief en die weeklikse program, Die Posduif en ander inligting word daarop geplaas en gereeld opgedateer. Volgens Cleone de Swardt wat die taak op haar geneem het om die webwerf in stand te hou, het die webwerf reeds meer as 7 000 besoekers gehad. Baie dankie Cleone.

Almal is welkom om foto's en inligting van gemeente-aktiwiteite aan Cleone ([cleone.deswardt@gmail.com](mailto:cleone.deswardt@gmail.com)) te stuur. Besoek die webwerf gerus by

<http://ngwes.parys.co.za>

EREDIENSTE - DESEMBER 2019 / JANUARIE 2020			
	8 Desember	NG Parys-Wes	09:00
	15 Desember	NG Parys-Suid	09:00
	22 Desember	NG Moedergemeente	09:00
	25 Desember	NG Parys-Wes	09:00
	29 Desember	NG Parys-Oos	09:00
	31 Desember	NG Parys-Wes	18:00
	5 Januarie 2020	NG Parys-Wes	09:00
	12 Januarie 2020	NG Parys-Wes	09:00

## DIE DOOP

En dié kwartaal was daar toe net enetjie. Baie geluk aan Arno Snyman wat op 17 November in Parys-Wes gedoop is en ook aan die ouers en grootouers. Dit is altyd 'n besondere geleentheid as



kindertjies gedoop word en ons vertrou dat hy vir julle 'n groot vreugde sal wees.

Van	Naam	Doopdatum	Geboortedatum	Ouers
Snyman	Arno	17 November	10 September 2019	André en Liana

*Die Posduif-redaksie wens al ons medewerkers en lesers 'n baie Geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 toe. Baie dankie aan al ons medewerkers en lesers en ons maak staat op jul verdere ondersteuning in 2020.*